Theodore Roosevelt

“Praat sag, maar dra altyd ’n groot stok saam met jou.” Dié bekende woorde van **Theodore Roosevelt**, die 26ste en jongste **president** ooit in die geskiedenis van die Verenigde State van Amerika (VSA), was die grondslag van alles wat dié merkwaardige man deur sy **luisterryke** loopbaan as soldaat, skrywer, natuurliefhebber en politikus aangepak het.

Danksy die energie en passie wat Roosevelt na die Withuis toe gebring het, het “die eerste moderne Amerikaanse president” [1] vir ’n lang lys van eerstes gesorg en nie net historiese **hervorming** in die VSA teweeggebring nie, maar ook ’n sterk buitelandse **beleid** gevestig.

Nobelpryswenner én “teddiebeer” wat die **pers** en publiek in die palm van sy hand gehad het. [2]

Geboorte en kinderjare

Theodore Roosevelt, wat ook as Teddy of TR bekendgestaan het, is op 27 Oktober 1858 in New York in die VSA gebore as die tweede oudste van vier kinders. Hy het ’n ouer suster, Anna, gehad, ’n jonger broer, Elliott, en die jongste was sy sussie Corinne. Pa Theodore Roosevelt was ’n gerekende sakeman en filantroop (iemand wat graag liefdadigheidswerk doen) en ma Martha Bulloch het uit ’n ryk familie gekom wat ’n groot **plantasie** besit het. [3]

Hoewel Roosevelt as volwassene bekend was vir sy energie, liefde vir die buitelewe en sport, was hy as seun baie siek. Hy het aan erge **asma** gely, ’n siekte wat asemhalingsprobleme veroorsaak. As gevolg hiervan het hy vir sy hele skoolloopbaan tuisonderrig by sy ma, sy tannie (Anna Bulloch) en ’n Franse juffrou ontvang. Sy broer en susters het ook almal tuisonderrig ontvang. [4]

Op twaalfjarige ouderdom het hy sy pa se raad gevolg en sy kragte begin opbou

deur gewigte op te tel, perd te ry, te boks, te stoei en te jag. Sy pa het hom ook vir oogtoetse geneem en daar is vasgestel dat Roosevelt bysiende was (iemand wat nie dinge wat ver is, mooi kan sien nie) en 'n bril moes dra. [5]

Studies en toetrede tot die politiek

Net voor sy 18de verjaarsdag in 1876 begin Roosevelt aan die Harvard-Universiteit studeer en sy vakke sluit Duits, natuurgeskiedenis en dierkunde in. Hy werk hard om sy gesondheid verder te verbeter en begin om boks en stoei as sport te beoefen. [4]

In 1878 is sy pa en mentor dood kort nadat maagkanker by hom gediagnoseer is. Die jong Roosevelt was verpletter, maar het sy studies hervat. Sy pa se dood het die rigting van sy lewe ingrypend verander. Toe hy in die herfs van 1878 na Harvard terugkeer, het hy sy hoofvakke na geskiedenis en regeringstudies verander – 'n slim besluit, want hy behaal sy graad met lof (onderskeiding) in 1880. [4]

Roosevelt se eerste vrou, Alice Hathaway Lee, het sy asem op die Harvard-kampus weggeslaan. Hoewel sy die eerste keer nee sê toe hy haar vra om te trou, gee Roosevelt nie moed op nie. Hulle is op 27 Oktober 1880, op sy 22ste verjaarsdag, getroud. [4]

Pasgetroud en dolverlief was Roosevelt nie haastig om te begin werk nie. Hy skryf by die Columbia-Universiteit in vir 'n graad in die regte omdat hy gereken het dat 'n regsagtergrond noodsaaklik sou wees as hy 'n beroep in die staatsdiens (om vir die regering te werk) wou volg. Die regte het hy egter vir baie vervelig gevind en gebruik eerder sy tyd om sy eerste boek, *History of the Naval War of 1812*, te skryf. Ná net een semester (amper soos 'n kwartaal) gooi hy handdoek in en betree die politieke speelveld. [4]

Cambridge Union Society

Hy word in 1882 die jongste persoon om lid te word van die staat New York se huis van verteenwoordigers. Roosevelt se politieke opgang word in sy spore gestuit toe sy ma en vrou op een dag sterf. Op 14 Februarie 1884 is sy eerste vrou van vier jaar, Alice Lee (22), dood aan Bright se siekte, 'n ernstige nierkwaal, net twee dae nadat sy aan hul dogtertjie Alice Hathaway Lee Roosevelt geboorte geskenk het. Op dieselfde dag sterf sy 49-jarige ma aan **tifus**. In sy dagboek skryf Roosevelt: "Die lig het uit my lewe gegaan." [6]

Alice Lee Roosevelt

Roosevelt en sy gesin.

Roosevelt laat sy babadogtertjie in die sorg van sy ouer suster en verruil die stad vir die stilte van Dakota in die noorde van die land. Hier woon en boer hy met vee totdat 'n sneeustorm in 1885 byna sy hele trop beeste uitwis. Ná byna twee jaar keer hy terug na New York om na sy dogtertjie om te sien en sy politieke loopbaan te hervat.

Met sy terugkeer beklee hy verskeie staatsdiensposte, insluitend kaptein van die Nasionale Wag (National Guard) en minderheidsleier in die huis van verteenwoordigers. Hy vind ook weer liefde en trou met sy jare lange vriendin Edith Kermit Carow (hulle het kleintyd saam na die begrafnisstoet van Abraham Lincoln vanuit 'n venster in sy oupa se huis in New York gekyk). Later word hy staatsdienskommissaris, toe polisiekommissaris van die stad New York en eindelik assistent-sekretaris van die vloot as deel van pres. William McKinley se regering. [7]

Roosevelt, die oorlogsheld

Nadat die Spaans-Amerikaanse Oorlog in April 1898 uitgebreek het (die oorlog was as gevolg van Kuba se stryd om onafhanklik van Spanje te word), het Roosevelt sy pos as assistentsekretaris van die vloot bedank om 'n groep vrywillige soldate genaamd die Rough Riders te lei. Die Rough Riders was meestal sportmanne, mynwerkers en cowboys sonder veel militêre ervaring. Tydens die Slag van San Juan Hill op 1 Julie 1898 in Kuba het hy 'n aanval met 'n klein

groepie manskappe (soldate) gelei, en die Spaanse vyand in ’n hoek gedryf. Tydens dié skermutseling is luitenant-kolonel Roosevelt deur skrapnel gewond. [8]

Die Slag van San Juan Hill.

Die Verdrag van Parys, wat die Spaans-Amerikaanse Oorlog beëindig het, is op 10 Desember 1898 onderteken. Daarin het Spanje alle aanspraak op Kuba prysgegee, en Guam, Puerto Rico en die Filippyne aan die VSA oorgedra. [9]

Roosevelt se leierskap en bydrae is deur baie as ’n voorbeeld van durf en moed beskou en hy keer as oorlogsheld terug. Roosevelt is postuum (103 jaar ná sy dood) met ’n medalje vir dapperheid vereer en is die enigste Amerikaanse president tot nog toe wat dié medalje ontvang het. Sy seun Theodore Roosevelt het ook dié medalje ontvang vir sy aandeel in die Tweede Wêreldoorlog. Slegs een ander pa en seun in die geskiedenis, genl. Douglas MacArthur en sy pa genl. Arthur MacArthur, is albei met die medalje vir dapperheid vereer. [10]

Theodore Roosevelt jr. se graf.

Van soldaat tot president

Roosevelt word ná die sukses van die Spaans-Amerikaanse Oorlog as goewerneur van New York verkies. Die Republikeinse Party was baie beïndruk met hom en hy word as visepresidentskandidaat benoem toe William McKinley homself vir ’n tweede termyn in die Withuis verkiesbaar gestel het.

William McKinley was die derde Amerikaanse president wat in ‘n sluipmoordaanval vermoor is.

Op 6 September 1901 word McKinley egter die derde Amerikaanse president wat in ’n sluipmoordaanval vermoor word toe die 28-jarige Leon Czolgosz hom op ’n kort afstand met ’n rewolwer skiet. Ingevolge die Amerikaanse **grondwet** word die visepresident outomaties (en dadelik) die nuwe president sodra die dienende

president sterf of nie meer sy amp kan uitvoer nie. Op 42-jarige ouderdom word Roosevelt die jongste president in die geskiedenis van die VSA – 'n rekord wat vandag nog staan. [11]

Roosevelt tydens 'n besoek aan Washington D.C.

Roosevelt het nie gras onder sy voete laat groei nie en het van meet af aan 'n reuseverskil op ekonomiese en politieke gebied binne én buite Amerika gemaak. Roosevelt het die Amerikaanse vloot opgebou en die "Groot Wit Vloot" op 'n wêreldtoer gestuur om Amerika se militêre mag te vertoon. Dit is ook danksy Roosevelt dat die Panamakanaal van 81,8 km voltooi is om die Atlantiese en Stille Oseaan met mekaar te verbind. Roosevelt was boonop die eerste dienende Amerikaanse president om na die buiteland te reis. [12]

Die voormalige Amerikaanse president tydens 'n besoek aan Gibraltar.

In nog 'n eerste word die Nobelprys vir Vrede in 1906 aan Roosevelt toegeken. Hy was die eerste Amerikaner om 'n Nobelprys (in enige kategorie) te ontvang en tot vandag toe die enigste Amerikaanse president wat dié eer te beurt geval het. Roosevelt het die prys ontvang vir sy werk rakende die Verdrag van Portsmouth, wat die Russies-Japannese oorlog beëindig het. [13]

Sy ekonomiese invloed

Voordat hy president geword het, het die regering sakereuse (groot maatskappye) toegelaat om hul sake na goeddunke te bedryf. Roosevelt het egter geglo dat die regering die reg en verantwoordelikheid het om sakeondernemings te reguleer sodat hul optrede nie die algemene publiek negatief beïnvloed nie. [14]

Hy het ook geglo dat die president die reg het om enige en alle magte te gebruik, tensy dit spesifiek deur die grondwet verbied word. As die eerste "moderne" Amerikaanse president het hy gevoel dat hy 'n unieke verhouding met en

verantwoordelikheid teenoor die mense gehad het, en daarom wou hy die heersende (bestaande) idees van beperkte regering en **individualisme** uitdaag. Die regering, het hy volgehou, moes as ’n agent van hervorming (verandering) vir die mense optree.

Magtige monopolieë wat hoë pryse vir goedere gevra en hul werknemers swak behandel het, was vir Roosevelt ’n doring in die vlees. ’n Monopolie is wanneer verskeie maatskappye saamsmelt en só magtig (invloedryk of sterk) word dat hulle geen mededingers (kompetisie) het nie. As ’n maatskappy byvoorbeeld die enigste maatskappy is wat beesvleis verkoop, kan daardie maatskappy soveel vra as wat hy wil en sy werkers so min betaal as wat hy wil. [15]

Hierdie monopolieë, wat ook trusts genoem word, het byvoorbeeld die spoorweë, beesvleisbedryf, olievoorsiening en ander nywerhede beheer. Trusts was in die 1900’s só magtig dat mense onder hoë pryse, lae lone en swak werksomstandighede gebuk gegaan het. Roosevelt het ’n stokkie hiervoor gesteek en die bynaam *Trustbuster* vir die opbreek van hierdie monopolieë gekry.

Roosevelt, die natuurbewaarder

Roosevelt was baie lief vir die natuur en ’n **kampvegter** vir die bewaring van die Amerikaanse landskap en wildlewe. Al was hy ’n sieklike kind wat baie gelees het, het hy op ’n jong ouderdom reeds ’n passie vir die buitelewe ontwikkel. Sy gunstelingaktiwiteite was stap, roei, swem, perdry, voëlkyk, jag en **taksidermie** (om dooie diere op te stop). Hy het kleintyd ’n groot insekversameling gehad en as volwassene was sy landgoedere (groot plase waar hy in ’n stadium met baie beeste geboer het) gevul met trofeë van wilde diere. Sommige hiervan is vandag in die Smithsonian-museum in Washington DC te sien. [16]

Roosevelt het in 1910 ‘n leeu in Afrika gejag.

In sy twee termyne as president (1901-1909) het Roosevelt die departement van

bosbou op die been gebring en 150 nasionale woude, 51 **federale** voëlreservate, vier wildreservate, vyf parke en 18 monumente opgerig. Hierdeur het hy meer as 230 miljoen hektaar se openbare grond beskerm!

Roosevelt en sy kabinet.

Hy't vurige toesprake gelewer oor die belangrikheid daarvan om die omgewing vir toekomstige geslagte te bewaar. Soos dié een in 1908: "Ons is groot en magtig danksy ons hulpbronne. Die tyd het egter aangebreek om ernstig na te dink oor wat sal gebeur as ons woude uitgeroei is; as die steenkool, yster, olie en gas uitgeput is; as die grond nog verder verarm en tot in die strome gespoel is, wat die riviere besoedel, die veld stroop en navigasie belemmer. Hierdie vrae is nie net van toepassing op die volgende eeu of die volgende generasie nie. Ons moet nou, net soos enige verstandige man, as 'n nasie vêrsiendheid in die gebruik en bewaring van ons natuurlike hulpbronne aan die dag lê, want hierin lê die welstand van ons en ons kinders opgesluit." [17]

Die ingang van die Theodore Roosevelt Nasionale Park.

Sy noue ontkoming

Nadat hy die Withuis in 1909 aan die einde van sy tweede termyn as president verlaat het, het Roosevelt na Afrika en Europa gereis. In 1912 het hy die Progressiewe Party gestig en is as dié party se leier verkies. [18]

Tydens 'n besoek aan Afrika.

As dit nie vir sy dik jas, 'n manuskrip van vyftig bladsye en 'n staalbrilhouer was nie, het Roosevelt net soos sy voorganger in 'n sluipmoordaanval gesterf. Op 14 Oktober 1912, net voordat hy 'n verkiesingsveldtogtoespraak in Milwaukee, Wisconsin, sou lewer, is hy deur John Flammang Schrank geskiet. Hy't daarop aangedring om met sy geskeduleerde toespraak voort te gaan en begin met: "Vriende, ek versoek julle om so stil as moontlik te wees. Ek weet nie of julle

besef dat ek nou net geskiet is nie.” [19]

Schrank se rewolwer waarmee hy Roosevelt om die lewe probeer bring het.

Hy het die bloedbevlekte manuskrip, koeëlgat en al, uit sy jas se sak gehaal en gesê: “Julle sien, dit vat meer as een koeël om ’n *bull moose* (’n manlike takbok en die naam van die ondersteuners van die Progressiewe party) dood te maak.”

Roosevelt het ná sy toespraak van meer as ’n uur ingestem om hospitaal toe te gaan. Dokters het deur middel van X-strale vasgestel dat die koeël in een van sy ribbebene vasgesteek het. Roosevelt het die koeël vir die res van sy lewe in sy borskas saamgedra. Schrank is as **kranksinnig** verklaar en in ’n hospitaal vir mense met geestesversteurings opgeneem, waar hy in 1943 gesterf het. [20]

Schrank in aanhouding.

Roosevelt se ideaal van ’n derde termyn as president en William Howard Taft (Amerika se 27ste president van 1909 tot 1913) se strewe om vir ’n tweede termyn verkies te word, is verydel toe die Demokratiese kandidaat Woodrow Wilson hulle albei in die presidensiële verkiesing verslaan. Wilson was vir twee termyne president (van 1913 tot 1921).

Theodore Roosevelt, R.J. Cuninghame en Edgar Mearns op ‘n treinspoor in Uganda, 1909.

Verbete vegter se laaste vaart

Nadat hy teen Wilson verloor het, het Roosevelt en sy 23-jarige seun Kermit ’n reis in die oerwoude van Brasilië onderneem om die Twyfelrivier (“River of Doubt”) in die Amasone te verken. Tydens dié maande lange ekspedisie oor duisende kilometer, het Roosevelt malaria gekry en ’n ernstige infeksie in sy been

opgedoen. [21]

Roosevelt en sy seun Kermit.

Ná sy terugkeer na die VSA (hy het ’n kwart van sy liggaamsgewig in die Amasone verloor!) spandeer hy sy tyd om geskiedenisboeke en sy **outobiografie** te skryf. Met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in Europa in 1914 het Roosevelt gepleit vir militêre gereedheid en hy was oortuig daarvan dat Amerika tot die oorlog moes toetree. Hy was baie teleurgesteld in president Wilson se oproep tot neutraliteit en skynbaar onwilligheid om tot aksie oor te gaan. Toe die VSA in 1917 uiteindelik tot die oorlog toegetree het, het Roosevelt aangebied om weer ’n vrywilligersafdeling (soos die Rough Riders tydens die Spaans-Amerikaanse Oorlog) te organiseer, maar die oorlogsdepartement het dit van die hand gewys.

Al vier sy seuns uit sy tweede huwelik (hy en Edith het ook ’n dogter Ethel gehad) het as vrywilligers in die oorlog gaan veg. Sy jongste seun, Quentin, sterf toe sy vliegtuig deur ’n Duitse vliegtuig in Frankryk afgeskiet word. Dit was ’n swaar verlies vir Roosevelt en hoewel hy voortgegaan het om deur die VSA te reis en toesprake ten gunste van die oorlog te lewer, was sy gebruiklike geesdrif gedemp.

Roosevelt en sy seuns.

Vir die eerste keer in sy lewe het hartseer die eens onoorwinlike vegter oorrompel. Theodore Roosevelt is op 6 Januarie 1919 in sy slaap in sy huis by Sagamore Hill in Oyster Bay, New York, dood. Volgens een **geskiedkundige** was dit goed dat die dood in sy slaap gekom het, anders sou Roosevelt beslis sy bokshandskoene gegryp en verbete voortgeveg het! [22]

Roosevelt se huis vanaf 1885 tot met sy dood in 1919.

Woordbank

asma	Siekte gekenmerk deur kortasemrigheid; benoude bors.
beleid	Plan/program vir die bestuur van ’n groep/onderneming/party/land.
biograaf	Iemand wat die geskiedenis van iemand anders se lewe skryf.
federale	Wat bestaan uit ’n groep state wat hul eie sake bestuur, maar beheer word deur ’n nasionale regering.
filantroop	Iemand wat die armoede en lyding van ander probeer versag, veral deur liefdadigheid; mensevriend.
geskiedkundige	Kenner/beoefenaar van die geskiedenis; historikus.
goeddunke	Mening wat iemand huldig; optrede volgens eie insig.
grondwet	Wet wat in hooftrekke die regeringsvorm van ’n staat, die funksies van staatsorgane en die verpligtinge en regte van die burgers bepaal.
harsingskudding	Besering van die harsings (brein) as gevolg van ’n harde slag of val op die kop.
hervorming	Opnuut/anders vorm; ’n gewysigde vorm gee; reorganiseer.
individualisme	Leer wat die regte van die individu bo of ten minste gelyk aan dié van die gemeenskap stel.
kampvegter	Iemand wat die voortou neem in of stry vir ’n saak waarvoor hy hom of sy haar beywer; voorvegter.
kranksinnig	Wat nie normaal optree nie, omdat hy/sy aan ’n geestesiekte ly; gek; mal.
luisterryke	Groot en opwindend/interessant; glansryk; skitterend.
nuuskonferensie	’n Vergadering wat deur ’n bekende of belangrike persoon gehou word waartydens joernaliste se vrae beantwoord word; mediakonferensie.
outobiografie	Storie wat iemand self oor sy/haar lewe geskryf het.

pers	Koerante, tydskrifte, ens. wat berigte/artikels skryf; media.
plantasie	Stuk grond waarop bome of ander plante aangeplant is; terrein waarop suiker/katoen/koffie/ens. gekweek word.
president	Die verkose hoof/leier van ’n republiek; hoogste posisie.
retina	Netvlies van die oog.
sneuwel	Op die/’n slagveld sterf/val.
spotprent	Prent wat iemand/iets komies/belaglik voorstel, veral gebruik as politieke middel in koerante.
taksidermie	Kuns om dierehuide (velle) teen bederf te bewaar en met ’n spesiale vulsel op te stop en in ’n natuurlike houding op te stel om die diere te vertoon soos hulle lewend gelyk het.
tifus	Benaming vir verskillende besmetlike siektes wat met hoë koors, bewussynsverlies en delirium gepaardgaan; luiskoors; rotkoors. [35]

Lees dié om meer oor Roosevelt te leer

- **Die jongste president van die VSA**
- **Alles wat jy oor Theodore Roosevelt moet weet**
- **Vind meer uit oor Mount Rushmore waar die reusegesigte van George Washington, Thomas Jefferson, Theodore Roosevelt en Abraham Lincoln uit rots gekap is**

Kyk dié om meer oor Roosevelt te leer

Dokumentêre rolprent oor dié dinamiese president van die VSA

Só het Roosevelt se daaglikse roetine gelyk

Hoe Roosevelt geskiet is en steeds ’n toespraak van 84 minute kon lewer